# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 17 Julie 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Die fotos van die James Webb ruimteteleskoop wat NASA die afgelope week beskikbaar gemaak het, het die hele wêreld met verwondering vervul. Of mens in God glo of nie, wanneer jy die fotos sien, dag gryp die wonders van die hemelruim jou aan.

Vir ons as gelowiges is dit natuurlik 'n bevestiging van wat God in sy Woord openbaar oor hoe wonderlik Hy alles geskep het en groot en almagtig God as Skepper en Onderhouer van die skepping is. Hierdie grootheid van God oortuig ons om op Hom te vertrou.
(Video en fotos)

**Tema: God is groter as alles - Vertrou op Hom!**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps 104 – 1: 1, 2, 3, 19 ,20, 21 ; Lied 192:1, 3

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 447:1; Votum (Jer. 31: 35-36); Seën; Loflied: Ps 147 – 1: 1, 4, 6; Geloofsbelydenis: HK Sondag 9; Sing
Ps 8-2: 1, 3,

**Verootmoedigingsdiens**
Sing: Ps. 19 – 1: 1; Wet uit Eksodus 20; Sing Ps 19 – 1: 4; Gebed,

**Woorddiens**
Skriflesing Jesaja 40: 12 - 26;
Fokusverse: 25 en 26; Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Lied 464;1, 2, 4; Gebed; Liefdegawes; Sing Ps 148 – 2: 1, 2, 8, 9; Seën; Amenlied
Sb 13 – 3.

**GEEN AANDEREDIENS**

Augustus 2022



**Ons kniel as gemeente saam voor die Here:**

*Jak. 1:5 "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit*
*aan Hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt"*

**Ons as gemeente wil dankie sê en saam bid vir -**

- Baie dankie vir 'n normale skoolvakansie wat ons kinders, studente en ouers weer kon beleef!
- Dankie vir 'n nuwe skoolkwartaal en ons bid saam vir elke kind, kategeet en ouer vir saamleer uit die Woord van God.
- Baie dankie dat ons as gemeente mag uitsien na die Kinderfees wat beplan word.
- Mag die beplanning alleen wees tot God se eer en die uitbreiding van Sy koninkryk!
- Ons bid saam vir die beplanning en uitvoer van die Kinderfees!
- Here, voorsien in al die middele wat nodig sal wees, vrywilligers asook genoeg fondse daarvoor!

- Dankie Here vir die liggaam van Jesus Christus waarvan ek mag deel wees!
- Dankie vir di. Piet, Pieter, Daan en al die ouderlinge, diakens en kleingroepleiers! Versterk elkeen deur U Heilige Gees om die waarheid te bly verkondig!
- Ons bid vir elkeen wat beproef word deur intense siekte, swaarkry, eensaamheid, werkloosheid en dalk moedeloosheid! Kom ons help mekaar waar daar hulp, ondersteuning en liefde nodig is!!

**"Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus" 1 Kor 15:57**

---

*As U wil deel word van die gebedsgroep kontak asb. vir my? (Elsie -072 449 1982).*

## MEELEWING

- Lynette van der Walt het Woensdag 'n suksesvolle lensvervanging- operasie ondergaan en ondergaan DV Woensdag 'n tweede operasie.
- Kitty Kruger gaan binnekort vir 'n operasie.
- Pieter Bredenkamp sterk tuis aan na ondersoeke en behandeling weens sigverlies in sy linker oog. Die oorsaak daarvan is nog onseker, maar die laaste uitslae is gunstig. Herstel mag 'n geruime tyd duur.
- Baie lidmate sal nog vir Chris en Maryna van der Walt onthou. Hulle was vir lank lidmate van ons gemeente. Maryna is die afgelope week oorlede en met Chris gaan dit ook nie goed nie, hy toon sterk tekens van Altzheimersiekte.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage en Bettie Niemand.

## ONS GROET

Phillip en Ena de Bruyn wat met attestaat na GK Vredenburg/Saldannah semigreer.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**

09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Geen kleuterbediening
Geen katkisasie
Geen aanddiens

**Dinsdag**
SKOLE OPEN
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
10:00 “Griefshare” - ds Piet
17:15 Katkisasie Gr 8
18:00 Katkisasie Gr 11
18:00 Sustersbestuur

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Donderdag**
17:15 “Griefshare”- Carina

**Saterdag**
08:00 - 2de Kersmarkkeuring

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir TOPIA (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en die Diakonie (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 6 en 7.

## VERJAARSDAE



Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 17 Julie**
Sr Pauli de Bruyn
Sr Chantelle de Klerk
Sr Yolanda de Kock

**Maandag, 18 Julie**
Br Andries de Klerk

**Dinsdag, 19 Julie**
Sr Michelle Kruger-Ras
Br Jan-Ernst Oosthuizen *
Br Chris Storm
Sr Mariëtte van Vuuren
Jsr Lilly-Ann Watson

**Woensdag, 20 Julie**
Jsr Heloïse Freeke
Jsr Mardenique Hansen

**Donderdag, 21 Julie**
Jbr Jandrè J v Rensburg
Sr Susan Pretorius
Sr Christa v Zyl

**Vrydag, 22 Julie**
Sr Hester Freeke
Jsr Hannah Snyman

**Saterdag, 23 Julie**
Br Peet du Plooy

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## TOTSIENS NA 39 JAAR

Liewe Oos-Doppers,

Na ‘n maand van ‘tot-verhaal-kom’ in die Karoo, wil ons graag ‘n totsiens-boodskap vir julle skryf. Ons het na 39 jaar in Bailliepark (en was al dié tyd lidmate van die GK-Potch-Oos) besluit om ‘kleiner te gaan’ en ons huis in die mark te sit. Pierre het einde 2021 afgetree. In Maart 2022 is ons huis verkoop en was ons so bevoorreg om begin Junie Mei na ons Karoo-huis in Middelburg, Oos-Kaap, waar ons al die afgelope 17 jaar vakansies kon geniet, te verhuis.

Aangesien Wilma se NWU-werk van so ‘n aard is dat sy aanlyn daarmee kan voortgaan, beplan sy om DV nog ‘n jaar of twee daarmee voort te gaan. Ons is dankbaar dat ons wonderlike jare in die gemeente kon beleef, ons twee kinders, Pierre Jnr en Andrea daar geestelik saam met die gemeente kon ‘grootmaak’, goeie vriende kon maak en self ook geestelik kon groei.

Baie dankie vir die tyd saam en jul ondersteuning in ons hartseer- en

beproewingstye. Ons hoop dat ons van julle weer sal 'raakloop' op ons lewenspaaie.

Ons wens julle almal die Here se seën, krag en nabyheid toe in die jare wat voorlê. Ons gaan julle baie mis!

Baie liefdegroete, Pierre en Wilma Viviers

## GKSA-NUUS

**Beroep aanvaar**

Ds MJ (Thys) Erasmus van GK Nelspruit na GK Pretoria-Magalieskruin.

## KENNISGEWINGBORD

- GK Kameeldrif Damesoggend
- Uitnodiging na vrouedag: NG Die Bult
- GK Cachet - benodig sitkamerstel

---

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

---

## KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

## BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

---

### BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Turkstra
BAKKERY
Adres: Sol Plaatjiestr. 7
Potchefstroom
Tel: 018 294 4271
E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za
Ons bak met passie / We bake with passion



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Nicolette Visser en groep 4, Marijke Faught en groep 12, Mari Steyn en groep 21, asook Marie du Plessis en groep 30.

## BLIKKIES-WARMHARTE EN SUSTERSBYDRAE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.



- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| **19 Jul** | **Dinsdag** | **18:00** | **Bestuur** | **Sustersbestuursvergadering** |
| 26 Jul | Dinsdag | 18:00 | Groepsusters | Groepsustersvergadering |
| 27 Aug | Saterdag | 09:30 | Blok A | Sustersamekoms |
| 11 Sept | Sondag | 19:00 | Blok D | Ouderlingverversings |
| 18 Sept | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |